Elmarie Pretorius - pak die uitdagings

Elmarie Pretorius skroom nie om die skakelbord te beman as die nood druk nie - al het sy nog nooit aan 'n skakelbord gevat nie.

Dié Pretorianer se sukses lê daarin dat sy nie vir uitdagings skrik nie, sy loop hulle trompop en motiveer haar werknemers om dieselfde te doen. "Passie speel 'n hoofrol in my lewe, want as 'n mens 'n passie vir iets het, doen jy dit noodwendig voluit."

Op 34 is Elmarie die algemene bestuurder van Primedia Uitgewers. Dis nie vir haar 'n prestasie nie. "Dis die 21ste eeu, en ek glo dit hang daarvan af of jy vir jou taak opgewasse is."

Tevredenheid met jou lewe en lewensgehalte - dáár lê die ding. Nie in 'n deftige titel en 'n vet salaristjek nie. Daarom is dit so belangrik dat elke vrou dit doen wat vir haar werk - sy moet haar nie aan die maatstawwe steur wat die gemeenskap stel nie.

Skuldgevoelens oor die toutrekkery tussen werk en huis sal daar seker altyd wees.

"Dit skeel my twee kinders nie 'n duit wat ek van Maandag tot Vrydag doen nie ... solank ek net vir hulle 'n storie lees, trane afvee en weet wat husse is. Hulle hou my vierkant op die aarde. Ek probeer nie 'n supervrou wees nie. Ek leef met my foute saam."

'n Ondersteuningstelsel is onmisbaar. Haar man is die belangrikste mens in haar lewe. Ná 13 jaar is hy steeds haar beste vriend. "Hy is my skuiling as ek bang is en my raadgewer as ek onseker is. Hy maak kos, maak kinders groot en het nie 'n chauvinistiese haar op sy kop nie."

Sy sien haar beroepsukses in 'n breër konteks. "Ek het nie regtig 'n groot plan met my beroep nie, eerder met my lewe."

Elmarie se wenresep

- Moenie vir uitdagings skrik nie: pak hulle
- Glo aan mense en motiveer hulle om saam met jou die pad te loop
- Glimlag by die werk. Dis aansteeklik
- Dit wat ek by die huis opbou, is bepalend of ek werklik 'n suksesvolle lewe gehad het

Allyson Lawless - dink mooi oor reëls

Allyson het net die regte van: Lawless.

Onsinnige reëls het dié eerste vroulike president van die Suid-Afrikaanse Instituut vir Siviele Ingenieurs nog nooit aan bande gelê nie.

Haar "wetteloosheid" het kleintyd al begin. Sy het toe al "ongewone en onvroulike" dinge gedoen, soos om saam met haar pa te gaan visvang én die lyn 300 meter ver in te gooi. Haar wetenskaponderwyser het dit ontgeld, want sy het alle teorieë bevraagteken. "Ek kon toe al uitwys waarom sekere wetenskaplike teorieë nie gewerk het nie."

Later het 'n universiteit op grond daarvan dat sy 'n vrou is haar toelating geweier tot siviele ingenieurswese. Ná 'n frustrerende jaar as 'n voornemende elektriese ingenieur het sy hulle omgepraat om die reëls te verander.

Die gevolg? Agter die 47-jarige Allyson se naam staan nou óók: M.Sc.Strukturele Ingenieurswese. So het sy ook die weg vir ander vroue gebaan.

'n Paar jaar gelede het sy haar eie onderneming as 'n konsultant-forensiese ingenieur begin om uit te vind hoekom sekere strukture inmekaar tuimel. Toe sy nie die sagteware kon bekostig nie, het sy haar eie begin skryf "en my skoene letterlik deurgeloop om dit te verkoop". Deesdae is dit 'n uitgebreide onderneming. Maar sy gee toe dat sy nie sonder 'n humorsin sou oorleef nie.

Allyson beskou wantroue uit manlike geledere as 'n geleentheid om die manne te verras.

Haar verpligtinge maak dit moeilik om tyd saam met haar man en twee kinders - ses en 13 - by hul huis in Northcliff, Johannesburg deur te bring. Haar man, ook by die onderneming betrokke, help gereeld. "Mark is op die oomblik Meneer Ma. Soms moet hy selfs vir my inpak as ek Sondae tuiskom en weer die volgende oggend êrens heen moet vlieg. Hy is natuurlik erg verveeld, maar weet dat ons tog weer rolle sal ruil."

Naweke probeer sy tuis wees en dan is dit gesinstyd.

Allyson se wenresep

- 'n Goeie humorsin om te kan oorleef
- Tyd saam met my gesin, wat my behoud is
- 'n Passie vir my werk en die feit dat ek 'n verskil maak